



eduresourceza.com

Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz

1. Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakke,
2. deel granate in die boord,
3. lees boeke in hulle soeke na kennis
4. en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.
5. As kind bly my ma op 'n ruim erf
6. met 'n grasperk en twee bome,
7. sit sy vasgenael voor die kassie -
8. vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
9. Sy ken al mense wat oorsee was!
10. Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
11. en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.
12. Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
13. die web is my werk en Gumtree my boom.
14. ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
15. gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
16. ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
17. en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
18. Die moontlikhede is duiselingwek-
19. kend GROOT en die wêreld het so
20. klein geword dit pas in die
21. twaalf vierkante 22. meter van my
23. kamer
24. in.



Bespreking:

TEMA

- ▶ Die manier waarop ons kennis opdoen verskil drasties van vorige generasies.
- ▶ Die ontwikkeling van tegnologie: telegram - telefoon - selfoon - slimfoon...
- ▶ Generasiegapings: hoe ons die wêreld sien en wat ons doen om te ontspan.
- ▶ Die toeganklikheid van informasie deur middel van die Internet.
- ▶ Oorsese mense en plekke is meer bereikbaar te danke aan tegnologie.
- ▶ Ironie: die wêreld is eintlik nou groter omdat ons meer plekke kan verken - a.g.v. die internet het die spreker se ervaringsraamwerk verbreed.

TITEL

- Die titel verwys na die gesegde wat insinieer dat die wêreld klein is - *It's a small world*.
- Mense en informasie word al hoe makliker verkrygbaar.
- Titel / Tipografie - Strofe 1 - versreëls is die langste; strofe 2 se versreëls is medium-lank, terwyl die versreëls krimp in strofe 3 totdat daar net een woord staan.

STROFE 1 : Ouma se wêreld was vry en ongekompliseerd, want sy het sorgvry op die plaas gespeel en was deel van die natuur.

1. Toe my oma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
2. deel granate in die boord,
3. lees boeke in hulle soeke na kennis
4. en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

assonansie

1. Baie kinders het op plase grootgeword – die ruimte was 'n “wye vlakte”
2. “boord” verwys na vrugteboorde – boere het hul eie groente en vrugte gekweek en met mekaar gedeel.
3. Kinders het hul kennis (knowledge) in boeke gevind.
4. Tegnologie vir alledaagse gebruik was beperk tot “die foun” – telefoon: Plaastelefone het 'n telefoonlyn gedeel. Die laaste twee nommers is deur kort en lang tone (tones) aangedui. In die gedig is voorlaaste nommer “twee kortes” en die laaste nommer



**“drie langes”. Elke plaas het sy eie kenmerkende skakeltoon (ring) gehad.
“klets” – praat oor klein en onbenullige dinge op die telefoon.**

STROFE 2: Ma se wêreld was meer ingeperk, want sy het op die dorp gewoon (i.p.v. die plaas) en het speel verruil vir vasgenaël voor die TV sit.

Drie ontwikkelinge in haar leeftyd : oorsese reise van kennis; rolprente; eerste selfone.

5. As kind bly my ma op 'n ruim erf
6. met 'n grasperk en twee bome,
7. sit sy vasgenaël voor die kassie -
8. vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
9. Sy ken al mense wat oorsee was!
10. Haar niggies in die stad gaan naweke fliék
11. en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

- 5. “ruim erf” groot stuk grond waarop ‘n huis staan**
- 7. “kassie” verwys na die televisie. Kennis het nou ook in die vorm van ‘n televisie gekom.**
- 8. Met al die dinge op televisie, het die ma ook begin droom om die wêreld vol te reis en sodoende meer inligting gekry.**
- 9. Uitroepteken is ‘n aanduiding van skok – sy het eerstehaandse inligting gekry van vriende wat al gereis het.**
- 10. Ma se niggies het Vrydag- en Saterdaggaande gaan fliék.**
- 11. Eerste selfoon maak sy verskyning.**

STROFE 3: Spreker se fisiese leefwêreld is klein, maar haar ervaringswêreld is baie groot.

12. Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis, binnerym
13. die web is my werf en Gumtree my boom.
14. ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
15. gedeeltelik ontsluit en klan kloos klets en kuier. alliterasie
16. ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
17. en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
18. Die moontlikhede is duiselingwek-

In strofe 3 gaan tipografie en inhoud hand

19. kend **GROOT** en die wêreld het so

aan hand : Die spreker se klein fisiese leef-

20. klein geword dit pas in die

wêreld word aangedui deur die reëls wat al

21. twaalf vierkante

hoe korter word totdat dit net een woord op

22. meter van
vergelyking is



my

'n reël beslaan. In

spreker se ervarings-

23. kamer

wêreld baie groot soos aangedui deur die langste

24. in.

*strofe en die woord **GROOT**.*

12. Spreker het grootgeword in die era van rekenaars en moderne tegnologie sonder om die huis te verlaat.

13. Spreker se “werf” = webwerwe/internet; haar “boom” = Gumtree (webtuiste waar ‘n mens dinge kan koop of verkoop)

14./15. Spreker se boek = Facebook waar sy met ander kommunikeer. Sy het nie ‘n telefoon nodig nie; sy doen dit klankloos op Facebook.

16 Onmiddellike toegang tot enige inligting.

17. D.m.v. tegnologie kan spreker met **alle mense in kontak bly.**

18./19. Die moontlikhede wat die internet aanbied is baie groot. Die woord “duiselingswekkend” en die hoofletters in **GROOT word gebruik om te beskryf hoe groot dit is. Dit kontrasteer met spreker se leefruimte wat baie klein geword het.**

20–24. Spreker se leefruimte is net twaalf vierkante meter. Spreker benodig nie meer as dit om die wêreld in te pas nie.

*** Beeldspraak**

- metafoor in strofe 3

- *die web is my werf en Gumtree my boom*

- die spreker vergelyk haar ma en haar ouma

se “speelplekke” met haar eie.

- Versreëls 18 – 24 – Enjambement – tempo versnel wat aandui dat tegnologie vinnig gevorder/ ontwikkel het.**
- Gedig = vrye vers, want daar is geen rymskema nie en die lengtes van versreëls verskil.**
- Gevolgtrekking: Hoe groter ‘n mens se kennis- en ervaringswêreld, hoe kleiner die behoefte aan persoonlike ruimte.**

eduresourceza.com